# **Kombuis opgeblaas oor lastige vlieg**

VERWERK UIT: MAROELA MEDIA

https://maroelamedia.co.za/vreemdhede/kombuis-opgeblaas-oor-lastige-vlieg/



*(Foto: Wiktionary)*

Ons almal weet hoe lastig *(annoying)* ‘n klein insek kan wees, maar een man het per ongeluk *(by accident)* ‘n deel van sy huis opgeblaas *(blew up)* toe hy van ‘n vlieg ontslae *(get rid)* wou raak.

Die 82-jarige man wie se naam nie bekend *(known)* gemaak is nie, het Vrydagaand vir aandete aangesit in sy huis in die klein dorpie Parcoul-Chenaud in Frankryk, berig *(report)* die plaaslike *(local)* koerant France Bleu. ‘n Vlieg het hom lastig geval.

Hy het ‘n elektriese vliegklap *(electrical fly swatter)* in die huis begin rondswaai *(swing around)* – en nie besef *(realised)* dat ‘n gasbottel in sy huis lek *(leak)* nie. ‘n Reaksie *(Reaction)* tussen die klap en die lekkasie het ‘n reaksie veroorsaak *(caused)*, berig die BBC. Die ontploffing *(explosion)* het ‘n deel *(part)* van die kombuis *(kitchen)* verwoes *(destroy)* en die huis se dak gedeeltelik *(partly)* beskadig *(damaged)*.

Die man het gelukkig nie enige ernstige *(serious)* beserings *(injuries)* opgedoen nie. Hy het slegs *(only)* ‘n brandwond *(burn wound)* aan sy hand opgedoen en is na ‘n hospitaal geneem vir ‘n ondersoek *(check-up)*.

Terwyl sy huis onbewoonbaar *(uninhabitable)* is, bly hy by ‘n plaaslike *(local)* kampterrein *(camp site)*. Sy familie is besig om sy huis te herstel *(repair)*.

Dit is nie duidelik *(clear)* wat met die vlieg gebeur *(happened)* het nie.